## WORCESTER ARBEIDSBEDIENING (WAB)

## `n TERUGBLIK, NUUS EN VERSLAG.

## Desember 2022.

Nadat Arbeidsbediening vir 29 maande weens Covid nie in Worcester kon plaasvind nie, het die volgende vanaf Mei 2022 gebeur.

1. Natale Roelofse neem inisiatief om saam met Gassie Carstens Worcester Arbeidsbediening te laat herleef.
2. Ek (dis nou Kobus) word genader om te help en so word op 18 Mei 2022 weer`n PAK (Plaaslike Aksie Komitee) saamgestel.
   Die gevolg was:
   - PAK het `n Strategiese beplanning met aksieplan opgestel.
   - Die Handleiding van IMSA (Industrial Ministry South Africa) is onder andere as riglyn gebruik om beplanning te doen. IMSA is die organisasie waaronder ons werk en die provinsiale streekkantoor in Bellville is.
   - PAK se besluite was dat die proses van heropbou in fases gedoen moet word.
   - `n Gebedsgroep vir voorbidding en intersessie is in die lewe geroep.
   - Al die vorige jare se data en besonderhede wat Gassie en sy span mee gewerk het is baie nuttig gebruik met die opvolg van ±78 besighede en ±35 bedienaars wat voorheen betrokke was.
   - Die PAK lede het die taak  tussen hulle drie verdeel. Briewe is byvoorbeeld ook in drie verskillende tydgleuwe, inhoud en fases gestuur en weer telefonies of met persoonlike besoeke opgevolg.
   - Natale het ook besighede genader vir finansiële ondersteuning waarvan enkeles reeds bydraes lewer. Daar is ook individuele

persone wat maandelikse bydraes lewer. Sien bankbesonderhede indien iemand dit wil gebruik of verwys.

**Bankbesonderhede:**

**Handel en Nywerheid. Absa. Worcester. Spaar. Rek no. 38069630313**

- Gemeentes, leraars en kerkleiers is ook genader met dieselfde prosedures soos bo genoem, waarvan Tertius van Lill se gemeente, Every Nation toegetree het as ons beskemheer.
- n Inligtingstuk met gedragskode vir bedienaars is opgestel.

**PAK - Bestuur**



3. Ons het bevind dat na die 29 maande sowat 20% van besighede en bedienaars se data verander het.
   - Sommige besighede bestaan nie meer nie, andere moes toemaak, sommiges het nuwe eienaars, van die bedienaars is oorlede, andere het verhuis, baie personeel wisseling het plaasgevind en nog ander redes ook.
   - Ons het ook bevind dat enkele besighede( ± 6) tydens die pandemie aangehou het met hul eie arbeidsbediening!! Wonderlik!
   - Op 4 Julie 2022 begin ons weer met 25 besighede, 41 besoekpunte en 11 bedienaars.
   - Ter herinnering, die 1e diensrooster het so gelyk:

**WAB - DIENSROOSTER Maand: Julie 2022**

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|
| 4 | 5 | 6 | 7 | 8 |

| Besigheid | Tyd | Wie | Besigheid | Tyd | Wie | Besigheid | Tyd | Wie | Besigheid | Tyd | Wie | Besigheid | Tyd | Wie |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| W/Shoplift | 7:20 | Alta | Bot/ring | 7:30 | Beat | V N Glas | 7:30 | Kobus | S N Pool | 7:00 | H.Steyn | APL | 15:00 | Shirley |
| Carstens Rek | 8:00 | Gassie | Initium | 8:00 | Costa | V & S | 7:30 | Beat | Sean Kel | 7:45 | Irma | | | |
| | | | Bgr Nortj | 8:15 | Irma | W/Bakwerke | 7:30 | Arnold | | | | | | |
| | | | | | | De J Dorp | 8:00 | Natale | | | | | | |
| | | | | | | De J Stoor | 9:00 | Natale | | | | | | |
| | | | | | | Mizpah | 12: | Shirle | | | | | | |
| 11 | | | 12 | | | 13 | | | 14 | | | 15 | | |
| ~~W/Shoplift~~ | ~~7:20~~ | ~~Alta~~ | Stryd Arm | 7:30 | Santa | Kings Cyc | 7:45 | Natale | | | | Ester/Prok | 8:00 | Gassie |
| Café Hugo | 8:00 | Irma | Bot/ring | 7:30 | Beat | Pion/Druk | 7:30 | Alta | | | | | | |
| Carstens Rek | 8:00 | Gassie | Leaders | 7:45 | Shirley | W/Bakwerke | 7:30 | Arnold | | | | | | |
| | | | | | | SAP Hond | 7:30 | Nogeen | | | | | | |
| | | | | | | Neet/slag | 8:00 | Santa | | | | | | |
| | | | | | | De J Mall | 8:3 | Costa | | | | | | |
| 18 | | | 19 | | | 20 | | | 21 | | | 22 | | |
| ~~W/Shoplift~~ | ~~7:20~~ | ~~Alta~~ | Bot/ring | 7:30 | Beat | V & S | 7:30 | Tertius | Sean Kell | 7:45 | Irma | APL | 15:00 | Shirley |
| Carstens Rek | 8:00 | Gassie | Sunset | 9:00 | Costa | W/ bakwek | 7:30 | Arnold | | | | | | |
| Café Hugo | 7:00 | Irma | Stryd | 7:30 | Santa | Bosch/M | 8:00 | Gassie | | | | | | |
| | | | W Shop | 7:20 | Alta | Dischem | 8:30 | Shirley | | | | | | |
| | | | | | | Afrimat | 7:0 | Joggi | | | | | | |
| 25 | | | 26 | | | 27 | | | 28 | | | 29 | | |
| ~~W/Shoplift~~ | ~~7:20~~ | ~~Alta~~ | Bot/ring | 7:30 | Beat | Pion/Druk | 7:30 | Kobus | Sean Kell | | | | | |
| Carstens Rek | 8:00 | Gassie | W/Shop | 7:20 | Alta | W/Bakwerke | 7:30 | Arnold | | | | | | |
| | | | | | | Kings Cyc | 7:45 | Terti | | | | | | |
| | | | | | | De J Mall | 8:30 | Costa | | | | | | |
| | | | | | | Dischem | 8:30 | Shirle | | | | | | |
| 30 | | | 31 | | | | | | | | | | | |

-

4. Die heropbou program lyk nou na 5 maande en `n paar dae, tot 9 Desember as volg: (Ek het 8 en 9e se statistiek geprojekteer)
   - 48 Besighede.
   - 100 Besoekpunte.
   - 25 Bedienaars.
   - 7436 mense is in hul verskillende werksplekke bedien.
   - 396 boodskappe is aan hulle gebring.

     Boodskappe van goeie nuus, bemoediging, inligting, raadgewing, die evangelie en die liefde van Jesus.

Ons glo die Heilige Gees het inspraak gelewer op verskeie mense se lewens, hul behoeftes, omstandighede en verhouding met die Here weer wakker gemaak of gestimuleer en dit net daar waar elkeen werk.

Enkele boodskappe wat gelewer is:

- ***Jesus Brood van die lewe.***
- ***God is wakker oor sy Woord.***
- ***Kerk en werk.***
- ***Die Gos-Pil***
- ***Alleen in jou gemoed maar nie verlate.***
- ***Bid vir jou werkgewer.***
- ***Getuienisse gegee***
- ***As jou skaal uit balans is.***
- ***Hoe hanteer ek slegte nuus.***
- ***Beurtkrag.***
- ***Celebrate the birth of Jesus Christ.***
- ***In die voetspore van `n Polisieman.***
- ***Die drie B`s vir vandag se lewe:***
  ***Bewaar jou hart, bewaak jou hart, bly rigting vas, bly weg van leuns en los lippe.***

- Ses bedienaars het vir die 1e keer arbeidsbediening gedoen en sertifikate daarvoor ontvang:
  WP Viljoen, Elmarie van Aarde, Elmari Cilliers, Ina Senekal, Salome Vranas en Amanda van den Bergh.

5. Verskeie persone se getuienisse vertel wat arbeidsbediening vir hulle en die besighede beteken. Daar is vir heelwat mense voor gebid, enkeles is verwys en gehelp met toepaslike inligting vir hul behoeftes.
6. Daar is ook `n samestelling gedoen van Lofliedere uit Breederivier Bottelering en Pionier Drukkery se Sangbundels asook ander lekker sing liedjies wat nou gebruik word tydens arbeidsbediening.
   Sommige persone het eie inisiatiewe geneem soos Malinda van SAP in Rawsonville wat sommer haar kitaar ook uitgepluk het.



7. \`n Paneel van sewe lede (Natale, Gassie, Shirley, Santa, Tertius, Hans en ekself) het gehelp met die formulering van \`n raamwerk vir temas en onderwerpe vir 2023. Pieter Burger het tydens die laaste sessie ook sy insette gelewer.
   Ons gaan 10 hooftemas (vir 10 maande) saamstel met inhoud om struktuur vir ons bediening te gee asook om die bedienaars te ondersteun met onderwerpe en soos die Heilige Gees elkeen natuurlik ook sou lei.
8. Visitekaartjies is ontwerp deur Mariëtte Odendaal (mediakonsultant van IMSA) wat ook deur hulle geborg is en gratis gedruk is deur Lynda Timmerman van Rodlyns). Hiermee saam is ook A5 pamflette gedruk vir kontak inligting oor arbeidsbediening wat by besighede aangebring word.







9. Twee artikels oor Arbeidsbediening het in die Worcester Standard verskyn met die laaste een wat ook spesiale verwysing na Gassie

Carstens het wat verkies is op IMSA se Uitvoerende Komitee van die Wes- Kaap

10. `n Inligtingsessie met verslae, statistieke en projeksies oor ons werk is met die bedienaars op 24 November gehou.

**Bedienaars**



(Gassie, Irma, Alta, Hans, Attie, Ina en Joggie kon nie by die vergadering wees nie).

11. Projeksies wat vir 2023 wat gemaak is, dui daarop dat ons reeds 200 besighede se besonderhede het wat moontlik by arbeidsbediening kan inskakel. Indien ons die dienste sal wil lewer, is die uitdaging om nog sowat 20 addisionele Bedienaars by te kry!
As elkeen net nog een persoon kan identifiseer, dan is ons daar!!

Namens PAK Bestuur,

- ***Baie dankie vir elke besigheid wat hul deure oopmaak sodat die personeel en werkers, daar waar hulle werk bedien kan word.***
- ***Baie dankie vir die werkers en personeel wat so getrou hul kosbare tyd (sommiges se etenstyd) afstaan om Sy Woord te kan hoor.***
- ***Baie dankie aan elke bedienaar wat as vrywilliger hul dienste aanbied om in God se Koninkryk te kan werk.***
- ***Alle eer aan ons Vader***

***<u>Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei</u>***

***<u>Johannes 7:38</u>***

***SHALOM VIR JULLE IN HIERDIE KERSTYD!***



Saamgestel deur:
Kobus van den Bergh
7 Desember 2022